

Die nuwe wedergebore mens

Teks: Efesiërs 4: 17 - 24 & Sondag 33

Teksvers: Efesiërs 4:24

1. Inleiding

In kerklike taal praat ons gewoonlik van leer en lewe, wanneer dit by belydenis. Ook wanneer ons getuienis oor 'n broer of suster in 'n attestaat of nagmaalsaansoek moet gee, kom hierdie term leer en lewe na vore. Vanaand in lyn met sondag 33 van die kategismus gaan ons fokus op die lewe gedeelte van hierdie vergelyking. Die vraag is dan hoe lyk die lewe van 'n Christen gelowige? 'n Gelowige met 'n gereformeerde oortuiging? 'n Gereformeerde gelowige lidmaat van die Gereformeerde kerk middelburg?

Die vraag wat dadelik opkom is natuurlik of die lewe van 'n gelowige dan anders moet lyk as die van 'n sekulêre ateïs? Want deesdae roem baie ateïste daarop dat hulle ook goeie werke doen. Ateïste is vandag vinnig om te verklaar dat hulle nie geloof of die kerk nodig het om goed te doen aan ander mense nie. Maar is dit waar?

In die brief aan die Efesiërs raak Paulus vanaand ook hierdie saak aan. Ons kort teksgedeelte staan onder die hofie “Die ou en die nuwe lewe” in die 83 vertaling. Maar die beskrywing is meer uitgebreid in die 53 vertaling met sake soos heiligmaking, bedorwe sedes en heidene. Maar is al hierdie dinge nie

maar net waar vir daardie ou tyd wat verby is nie? Hoe lyk die nuwe lewe van 'n gelowige vandag, tussen heidene?

Die laat saak wat belangrik is, in hierdie opset is die leer gedeelte. Maar dan veral waar dit in verhouding met die lewe gedeelte staan. Wanneer ons leer en lewe nie ooreenstem nie, is ons nie eg nie. Dit is dan wanneer daar gronde ontwikkel vir aanklagte van huigelry of skeinheiligheid.

2. Die uittrek van die oue

Paulus gebruik die beeld van klere in ons teksvers. Saam met die beeld van klere word dan ook die term oud en nuut gebruik. En ons weet tog duidelik wat die verskil tussen ou verslete klere, en splinternuwe klere is. Maar selfs vandag in verbruikers wêreld kom ons dikwels voor die gevoel dat nuwe klere nie noodwendig beter is nie. Die ou klere is dikwels van 'n beter gehalte en kwaliteit as die nuwe klere waarmee dit vervang word.

Maar in die beeld van ons teksgedeelte is die ou klere daardie klere wat met die sonde bevlek is. Ons ken dit ook goed, selfs kledingstukke van die beste gehalte kan iets oorkom wat dit heeltemal sal verwoes. Iets kan daarop gemors word wat dit so beskadig dat dit heeltemal nutteloos word. Dit kan

so vuil word dat selfs alles waaraan dit raak, besoedel of besmet sal word.

En dit is presies die beskrywing van ons ou ongereede lewe. Die mens is aanvanklik volmaak en op die beste gehalte deur God geskape. Maar die sonde wat stelselmatig die oorhand oor die mens gekry het, het die mens so vuil geword, dat selfs wat hy aanraak besmet geraak het. In hierdie sonde was ons heeltemal dood. Ons was nie in staat om hierdie vuil klere te kan uittrek nie.

Maar in genade kom die Here Jesus Christus en kom trek hierdie vuil klere uit. Hy neem dit en gaan sterf daarvoor aan die kruis. Nou is ons skoongewas in die bloed van Christus. Maar nou kan 'n mens weer terug gaan en hierdie vuil besmete ou klere gaan aantrek. Die Christen gelowige kan weer verslaaf raak aan daardie onveradigbare drang van losbandigheid. Maar juis dit is Paulus se oproep tot bekering. Die bekering wat ook by die wedergebore Christen gelowige pas.

3. Die aantrek van die nuwe

Daar is ook 'n ander aspekte van kleredrag waarna ons nog nie gekyk het nie. Klere kan nie net oud en nuut wees. Klere is wel een van die basiese behoeftes van die mens, maar klere kan ook vinnig in 'n luuksheid of status verklaring verander. Enige baal of dinee geleentheid is sterk getuigenis hiervan. Daar is ook 'n ander aspek kleredrag

het baie te doen met identiteit.

Eenvoudig gestel verag 'n skool of sportspan dat ek hulle uniform of spandrag dra wanneer ek hulle verteenwoordig spesifieke tye op spesifieke plekke.

Ook in hierdie aspekte is daar baie ooreenkomste met die beeld wat Paulus gebruik om die nuwe lewe in Christus te beskryf. Die nuwe klere wat ons as voorreg vanuit die wedergeboorte in Christus kan aantrek, is nie net skoon en van soveel beter gehalte as die ou klere nie. Dit is luuks, en dit maak 'n pertinente status of ten minste 'n oortuiging verklaring. In kort dit is 'n boodskap of dan getuigenis aan die wêreld rondom ons. Ek dra immers nie t-hemp van 'n span of handelsmerk wat ek glad nie ondersteun. Of selfs met 'n vulgêre slagspreuk op nie.

Uiteindelik is dit presies waarom die kleeed van die nuwe mens gaan. In lyn met ons belydenis uit Sondag 33 moet die Christen gelowige homself bekeer tot hierdie nuwe lewe. Deur die krag wat ons in Christus ontvang moet onself bekeer om goed en heilig te lewe. As ons die beeld in ons teksgedeelte gebruik ons moet met ywer die kleeed van die nuwe mens aantrek. Want die verlossing in Christus uit genade alleen skep 'n hartsoortuiging wat nie anders kan nie.

4. Wat pas by nuwe

Tog bly die belangrike laaste vraag in Sondag 33, wat is uiteindelik hierdie kleet van die nuwe mens? Kan ons somer self daaroor besluit? Is dit dalk een of ander hoofstroom modegier of ideologie? Met ander woorde kan ons dit somer uit boek van die geskiedenis van die mensdom bepaal? Die antwoord op hierdie vrae is dat daar 'n ander boek is. 'n Ander boek is nodig omdat daar ook 'n ander standaard is. Iets wat vas is buite die gekuif en rumoer van hierdie wêreld.

Ware goeie werke is slegs werke wat uit die geloof, volgens die wet van die Here, tot Sy eer en verheerliking gedoen word. Omdat hierdie werke getrou aan die wet van die Here moet wees, is dit dus duidelik dat dit gemeet moet word aan die wet van die Here. Ons moet met ander woorde goeie werke meet aan die woord van God. Dit is die standaard, en nie ons goeie oorgelewerde gebruik of slegs 'n nuwe modegier of beweging van ons tyd nie.

In die beeld van die kleet van die nuwe mens, kan ons sê dat God die mode bepaal. Ons kan dit weer herhaal God bepaal die mode van die kleet van die nuwe mense, en nie die wêreld om ons nie. God se mode sal soms, miskien meer keer as nie heeltemal ongewild wees in die wêreld om ons. Maar soos ons alreeds gesê het sal die hart van die nuwe wedergebore mens aangetrek wees tot hierdie mode van God. Ons as gereede wedergebore gelowiges wil

graag hierdie kleet van die nuwe mens aantrek. Selfs al veroorsaak dit ook dat ons ook gespot en verwerp word deur die moderne wêreld om ons.

5. Slot

Ons kan vanaand afsluit met 'n samevatting oor die bekering van die mens, soos ons dit bely in Sondag 33. Ons weet dat ware bekering nie maklik is nie, want die houvast wat die sonde op die mens het gee nie somer skiet nie. Tog weet ons ook dat ons verlos en gered is in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus. Uit hierdie verlossing is ons wedergebore, en het ons nou die krag en alles wat nodig is om ware bekering te bewerkstellig.

Die vraag is egter of ons werklik bekering wil najaag, want dit lyk of ons in wêreld leef wat eerder die sonde wil sag maak. Wat eerder sonde wil omhels en goed praat, as veroordeel en bekering daarvan eis. In so los wêreld waar sonde en verkeerde optrede eintlik nie bestaan nie, is bekering dus ook nie iets wat nodig is nie. Miskien is dit juis daarom dat hierdie strominge so gewild is vandag.

Tog bely ons in Sondag 33, dat dit nooit die hart van die gelowige kan wees nie. Ons moet haat wat God haat, en liefhê wat Hy liefhet. Dit lyn ons lewens outomaties op met heiligheid. Natuurlik is volmaakte heiligheid iets wat altyd buite die sondige mens se bereik sal bly. Tog

kan ons nie eenvoudige die rug daarop draai nie. Want 'n ware gelowige hart binne 'n wedergebore mens sal altyd na iets ander hunker. Die sonde en verkeerde optrede waarin ek deur versoekings val, sal my altyd pla. Die ware gelowige sal altyd alles in sy vermoë doen om teen daardie sonde te stry. Dit is nie maklik nie, maar in ons Here Jesus Christus ontvang ons alles wat nodig is vir hierdie goeie stryd. Hoekom sal ons dit nie gebruik nie? Kom ervaar deur die werking van die Heilige Gees weer vanaand hoe ons harte ook hunker na goeie werke. En kom ons maak werklik werk daarvan wanneer ons ook weer by daardie kerk deure uitstap. Kom ons streef ware werklike bekering elke dag na.

Amen